**Die geboorte van Ismael (OP146)**

**Gen 16:1-16**

**17 September 2023**

Laasweek het ons stilgestaan by die feit dat die Here 'n verbond gesluit het met Abram. Ons het gesien hoe die Here die belofte van 'n groot nageslag bevestig het. Abram het dit geglo, en die Here het dit vir Abram as geregtigheid toegereken. Die Here het ook aan Abram bevestig dat sy nageslag wel die beloofde land sal inneem – maar eers oor 400 jaar, en dus eers na Abram se dood. Maar, die Here het ook aan Abram beloof dat hy in vrede sal sterf. Daarna het die Here dit alles in 'n verbond bevestig toe Hy alleen tussen die stukke diere deurbeweeg het, en so onderneem het dat Hy al die verantwoordelikheid neem om toe te sien dat dit alles sal realiseer. Ons het daaroor besin dat hierdie verbond met Abram 'n genadeverbond is, en ook dat dit 'n ewige verbond is wat vandag steeds staan. Kan ek die inhoud van die verbond soos volg opsom: Abram sal 'n groot nageslag hê, en hulle sal die beloofde land in besit neem. Dit gaan egter tyd vat, en die volle vervulling daarvan sal eers plaasvind wanneer die Nuwe Jerusalem, wat die ware nageslag van Abram is, neerdaal na die nuwe aarde, wat die ware beloofde land is. Tot met die volle vervulling, sal gelowiges egter reeds geregtigheid van die Here ontvang, omdat hulle glo, en hulle sal in vrede sterf. Die Here sal daarvoor sorg.

Vandag wil ek stilstaan by Gen 16 – hierdie hoofstuk handel oor die geboorte van Ismael. Ek wil die oordenking hiervan bespreek onder die volgende twee punte: (1) Die geskiedenis van die geboorte van Ismael, en (2) Die betekenis van die geboorte van Ismael.

<u>Die geskiedenis van die geboorte van Ismael (Gen 16:1-16)</u>

Lees Gen 16:1. Ons lees dat Sarai nie vir Abram kinders in die wêreld gebring het nie, want sy was onvrugbaar. Ons is alreeds in Gen 11:30 met die begin van die beskrywing van Abram se geskiedenis hierop gewys. Onthou nou: sedert die Here die belofte van 'n nageslag aan Abraham gegee het, het die Here ook al by twee geleenthede vir Abram gewys hoe groot hierdie nageslag gaan wees – in Gen 13:16 het Hy gesê hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en in Gen 15:5 so baie soos die sterre aan die hemel. Laasweek het ons gesien dat Abram hierdie belofte van die Here geglo het. Onthou verder, hulle woon nou al reeds 10 jaar lank in Kanaän (vers 3), en nog steeds het daar niks van die nageslag tereg gekom nie. Sarai het begin ongemaklik voel dat daar nie vordering is nie – veral omdat sy verstaan het haar onvrugbaarheid is die struikelblok. Ek dink ons kan aanneem Sarai sou ook graag wou sien dat die beloftes van die Here in vervulling moes gaan. So, Sarai maak 'n plan: Immers het sy 'n slavin, Hagar. Ons lees Hagar was van Egiptiese afkoms – moontlik was Hagar deel van daardie bruidskat wat Abram destyds van die farao ontvang het toe hulle tydens die hongersnood in Egipte was (Gen 12:16).

Lees Gen 16:2. Sarai se plan was dat Abram maar by haar slavin, Hagar, 'n kind moet verwek. Hierdie plan van Sarai is natuurlik problematies: Let op hoe vers 1 spesifiek na Sarai verwys as "Abram se vrou". Sarai was Abram se vrou, nie Hagar nie. In Gen 2:24 het die Here dit baie duidelik gemaak dat 'n man sy ouers sal verlaat en hom aan sy vrou sal verbind, en hulle sal een vlees wees. Die huwelik is 'n eksklusiewe verhouding tussen 'n man en sy vrou – daar is nie plek selfs vir die slaaf van die vrou nie. Dit is verder ook opvallend dat ons nie lees dat Sarai hierdie plan met die Here uitgeklaar het nie – nee, hierdie is Sarai se plan. Sy bespreek dit met Abram – en Abram stem saam! Verstommend – dit is dieselfde Abram wat in Gen 15 die belofte van die Here geglo het. Natuurlik het Abram ook nie hier sy verantwoordelikheid as hoof van sy vrou nagekom deur haar tereg te wys

nie. Dit herinner natuurlik aan die sondeval waar Eva ook die een was wat die inisiatief geneem het, en Adam ook die een was wat nie sy rol as hoof vervul het nie.

Lees Gen 16:3-4. Hier voer hulle die plan uit. En die gevolg is dat Hagar inderdaad swanger word. Natuurlik is dit ook die begin van moeilikheid, want toe Hagar sien dat sy swanger is, het sy Sarai, haar meesteres, as minderwaardig beskou. In ‘n sekere sin kan ‘n mens dit verstaan: Immers het sy sopas vermag wat Sarai nie kon vermag nie – sy is swanger met Abram se kind, sy kan dus die een word deur wie al daardie groot beloftes van die Here gaan realiseer.

Lees Gen 16:5-6. Dit alles ontstel Sarai, sy voel nou sy verduur onreg – wat natuurlik ook te verstane is, siende dat haar slavin haar as minderwaardig beskou. Wat egter verrassend is, is dat Sarai nou die blaam vir hierdie onreg op Abram plaas – terwyl dit haar voorstel was om hierdie plan te implementeer. Weereens herinner dit aan Eva – Eva het ook die blaam vir hulle oortreding weggeskuif na die duiwel toe. Sarai beroep haar nou op die Here – Hy moet oordeel tussen haar en Abram. Nog steeds neem Abram nie beheer van die situasie nie. Hy staan steeds half apaties teenoor die hele saak – terwyl hy die een is wat die kind verwek het. Volgens hom moet Sarai maar met Hagar maak soos wat sy self goeddink. Sarai se besluit was om Hagar te mishandel. Weereens ‘n onverantwoordelike besluit en verkeerde optrede van Sarai. Die gevolg was dat Hagar van Sarai af weggevlug het. Ook dit was ‘n onverantwoordelike besluit en verkeerde optrede van Hagar.

Lees Gen 16:7-9. Die Engel van die Here het Hagar by ‘n put op pad na Sur aangetref. Dit beteken heelwaarskynlik dat Hagar op pad was terug na haar vaderland Egipte toe. Maar dan konfronteer die Engel van die Here haar by die put. Uit vers 13 blyk dit dat die Engel van die Here, eintlik die Here self was – baie is oortuig dat dit ‘n verskyning van die Here Jesus self was aan Hagar. Die Engel van die Here wil van Hagar weet waarvandaan sy kom, en ook waarheen sy op pad is. M.a.w. die Engel van die Here wil weet: “Waarmee is jy besig, Hagar?” Let op hoe die Engel haar aanspreek: “Hagar, slavin van Sarai”. Dit is direk duidelik wat die Engel van die Here dink: Hagar is Sarai se slavin, en daarom hoort sy by Sarai, nie hier in die woestyn by Sur oppad na Egipte nie! Hagar se antwoord is dat sy wegvlug van Sarai, haar meesteres, af, waarop die Engel antwoord dat sy moet teruggaan soontoe, en haar gaan onderwerp aan Sarai. Duidelik veroordeel die Engel Hagar se optrede.

Lees Gen 16:10-12. Hier lees ons dat die Engel van die Here beloftes maak aan Hagar. In vers 10 lees ons dat die Engel aan haar belowe dat haar nageslag besonder groot sal wees – soveel so dat hulle nie getel sal kan word nie. Sjoe, dit klink baie soos die belofte van die Here aan Abram – ‘n groot nageslag wat nie getel kan word nie. In vers 11 sê die Engel dat hierdie groot nageslag gaan begin deur haar huidige swangerskap – sy sal ‘n seun ontvang, wat sy Ismael moet noem – want die Here het haar gehoor, Hy het haar mishandeling gehoor. En vers 12 beskryf vir ons die mens wat Ismael sal wees: Hy sal soos ‘n wildedonkie wees, sy hand teen almal, en almal teen hom. Dit klink of sy lewe gekenmerk sal word deur onreg. Hy sal nie vrede beleef nie, maar wel onvrede. Sien jy wat besig is om te gebeur: Die Here beloof aan Hagar ‘n groot nageslag, soos aan Abram. Maar waar Abram in Gen 15 geloof is om geregtigheid en vrede te ontvang, kan die nageslag van Hagar verwag om onreg, onvrede, stryd, mishandeling te ervaar.

Lees Gen 16:13-14. Hier lees ons dat Hagar die Here wat met haar gepraat het, m.a.w. die Engel van die Here, aangeroep het. Maar let op, sy verwys nie na hom as “die Here”, oftewel die Verbondsgod, nie, maar wel as “God”. Daar bestaan redelike onduidelikheid in Hebreeus oor presies wat Hagar gesê het, maar die meeste kommentatore is dit eens dat dit daarop neerkom dat Hagar verwonderd was oor die feit dat God haar gesien het – immers Hy het haar opgesoek daar by die fontein, Hy het haar mishandeling gesien en daarom aan haar hierdie beloftes gegee. Maar sy is ook verwonderd dat sy God gesien het! Daarom word die put Beër-Lagai-Roï genoem.

Lees Gen 16:15-16. Hier lees ons dat Hagar geboorte geskenk het aan Ismael, wat natuurlik ook die seun van Abram was. Abram was toe 86 jaar oud.

Die betekenis van die geboorte van Ismael

Kom ons besin nou oor die betekenis van hierdie gebeure. Daar is verskeie aspekte van wat hier gebeur het, waaruit ons kan leer:

In die eerste plek, leer hierdie gebeure ons sekerlik meer oor verhoudinge binne die huwelik. Ongelukkig leer dit ons heelwat oor hoe ons nie binne die huwelik behoort op te tree nie. Soos ons gesien het, is Gen 2:24 baie duidelik daaroor dat die huwelik ‘n eenheid is tussen ‘n man en sy vrou. Daar is nie plek vir derde partye in ‘n huwelik nie, en daarom was Sarai se plan om Hagar in hulle huwelik in te bring en haar as vrou aan Abram te gee, eenvoudig verkeerd en teen die wil van die Here. Verder is Sarai ook nie ‘n voorbeeld van onderdanigheid nie – dit was sy wat die inisiatief geneem het en die plan aan Abram voorgestel het. Dit was ook sy wat besluit het hoe sy teenoor Hagar gaan optree. Maar Abram is ook vir ons ‘n voorbeeld van ‘n swak hoof van sy huishouding: Hy help Sarai nie reg deur haar plan te veroordeel nie – trouens hy stem in tot haar plan. Selfs as daar spanning ontstaan tussen Sarai en Hagar tree hy nie daadwerklik op nie – hy laat Sarai toe om maar self te besluit wat om te doen. Maar miskien is die hartseerste die feit dat Abram ‘n kind by Hagar verwek het – hy het Sarai se plan fisies uitgevoer. Hy het ‘n kind by ‘n ander vrou verwek, selfs sonder enige aanduiding dat Hagar geken is in die saak. Sulke gedrag hoort nie in die huwelikke van gelowiges nie.

In die tweede plek, leer hierdie gebeure ons ook meer oor die verhoudinge tussen ‘n werkgewer en werknemer: Sarai was Hagar se meesteres, en Hagar was Sarai se slaaf. Beide Sarai en Hagar het egter nie navolgingswaardig opgetree in hulle verhouding teenoor mekaar tydens hierdie gebeure nie. Sarai het Hagar beskou as deel van haar eiendom waaroor sy na willekeur kon besluit – as sy besluit Hagar moet ‘n kind by Abram hê, word Hagar nie geken in die saak nie, sy moet maar net by die plan inval. Verder was Sarai se reaksie om Hagar te mishandel toe Hagar haar geminag het, onverdedigbaar. Netso, was Hagar se minagting teenoor Sarai toe sy swanger geword het, ook onvanpas. En dieselfde geld van haar optrede toe sy weggeloop het nadat Sarai haar mishandel het – daarom is sy deur die Engel van die Here teruggestuur om haar rol as slavin verantwoordelik te gaan uitvoer. Ons moet waak dat ons nie soos Sarai of Hagar optree in ons werksverhoudinge nie.

In die derde plek, leer ons uit hierdie gebeure hoe gevaarlik dit is om ons eie planne uit te voer sonder om leiding van die Here te vra. Alhoewel dit so is, dat Sarai se plan daarop gemik was om die vervulling van die beloftes van die Here te laat realiseer, beteken dit nie dat die doel die middel heilig nie en dat enige plan aanvaarbaar is nie. Ons lees nêrens dat sy of Abram die Here vir leiding gevra het nie. Nie net het Sarai die Here gewantrou nie, maar sy het gereken sy weet beter as die Here hoe Sy belofte vervul kan word. Wat dit nog erger gemaak het, was dat die metodes wat sy wou gebruik, duidelik teen die wil van die Here was. Sarai en Abram se optrede hier was soortgelyk aan hulle optrede tydens die hongersnood in Gen 12:10-20, toe hulle ook eiesinnig besluit het om die beloofde land te verlaat en Egipte toe te gaan. Ons kan dink dit is edel om ons planne uit te voer om daardeur die Here te help om Sy beloftes in vervulling te laat gaan – maar as dit beteken ons moet teen Sy wil optree, het ons heelwaarskynlik ‘n swak plan, en moet ons eers die leiding van die Here soek.

In die vierde plek, alhoewel al bogenoemde leerpunte geldig en nuttig is, is ek oortuig dit kom nog nie by die werklike betekenis van hierdie gebeure uit nie. Ek is oortuig die Here gee vir ons in hierdie gebeure ‘n belangrike boublok om Sy verlossingsplan te verstaan.

Kom ons kyk na die volgende. Kom ons plaas Gen 15 langs Gen 16 en vergelyk wat in hierdie twee hoofstukke gebeur met mekaar:

- In Gen 15 het die Here in ‘n visioen aan Abram verskyn. Boonop het dit gebeur pas nadat Abram Melgisedek die Koning van Geregtigheid en Vrede ontmoet het – en soos ons gesien het, was hy ‘n afskaduwing van die Here Jesus. Netso vind ons in Gen 16 dat daar ‘n ontmoeting was tussen Hagar en die Engel van die Here, wat moontlik ook die Here Jesus was.
- In Gen 15 was Abram bekommerd dat hy nie ‘n erfgenaam het nie. Die Here het gesê Eliëser, sy slaaf, sal nie sy erfgenaam wees nie. Abram se erfgenaam sal ‘n fisiese afstammeling van Abram wees. In Gen 16 is Sarai bekommerd dat Abram nie ‘n erfgenaam het nie, en alhoewel die Here in Gen 15 gesê het ‘n slaaf sal nie sy erfgenaam wees nie, gee Sarai Hagar, haar slavin, aan Abram om by haar ‘n kind te verwek, en wat dus Abram se fisiese afstammeling sou wees.
- In Gen 15 het die Here Abram opnuut verseker dat sy nageslag groot sal wees – so ontelbaar as die sterre aan die hemel. In Gen 16 het die Here aan Hagar die belofte gegee dat sy ook ‘n groot nageslag gaan hê – hulle sal ook ontelbaar wees. Die verstommende is dat hierdie nageslag sal begin deur die geboorte van Ismael – wat ook Abram se fisiese afstammeling is.
- In Gen 15 het die Here aan Abram die versekering gegee dat hy geregtigheid ontvang het weens sy geloof in die belofte van ‘n groot nageslag. Verder het die Here beloof hy sal in vrede sterf. In Gen 16 het die Here egter aan Hagar verduidelik dat haar seun se lewe sal wees soos die van ‘n wildedonkie, gekenmerk deur stryd en onvrede. Dit is so anders as wat Abram in Gen 15 sou verwag het. En tog was Ismael ook Abram se seun.
- In Gen 15 het ons gelees Abram het die Here en Sy beloftes geglo – en dit is hom tot geregtigheid gereken. In Gen 16 lees ons Hagar was verwonderd dat die Here haar gesien het, en ook dat sy die Here gesien het. Ons lees egter nie spesifiek dat sy die Here geglo het nie. En in Gen 21:16 lees ons dat sy, na sy weggestuur is van Abram-hulle af, eenkant onder ‘n bos gaan sit het, omdat sy vermoed het Ismael gaan sterf van die dors, en sy wou nie sien hoe hy sterf nie. Dit lyk nie of sy oortuig was dat daardie belofte van ‘n groot nageslag deur Ismael gaan realiseer nie. Boonop soek sy ook nie dan die Here op in haar nood nie – die Engel van die Here moet haar weer opsoek. Dit lyk dus nie of Hagar werklik in die Here geglo het nie. Die Nuwe Testament praat ook nie oor Hagar asof sy ‘n gelowige was nie.

Kan ek dit opsom: In Gen 15 ontvang Abram vanaf die Here die belofte van ‘n erfgenaam wat ‘n fisiese afstammeling van Abram sou wees. Hy ontvang ook opnuut weer die belofte van ‘n ontelbare nageslag. Abram glo dit. Hierdie nageslag kan, soos Abram, verwag om geregtigheid en vrede te ontvang. In Gen 16 ontvang Hagar ook ‘n belofte van ‘n ontelbare nageslag van die Here. Hierdie nageslag sal voortkom uit Ismael. Hagar sien God se handeling hierin – maar dit is onduidelik of sy dit werklik glo, veral nie teen Gen 21 nie. Haar nageslag deur Ismael kan egter eerder onreg en onvrede verwag. En tog is Ismael ‘n fisiese afstammeling van Abram!

Die vraag is nou: hoe moet ons dit alles verstaan? Lees saam met my Rom 9:6-9. Let op vers 7: Nie almal wat nageslag van Abram is, is sy kinders nie – m.a.w. nie almal wat deel van Abram se fisiese nageslag is, is kinders van Abram nie. Die ware kinders van Abram, sal deur Isak kom. Vers 8 verduidelik dit verder: Dit is nie die kinders na die liggaam, m.a.w. dit is nie die fisiese kinders van Abram, wat kinders van God is nie, maar wel die kinders van die belofte. En vers 9 verduidelik vir ons wie die kind van die belofte is: “Teen hierdie tyd sal Ek kom en Sara sal ‘n seun hê” – dit verwys na Gen 17:21 waar die Here beloof het dat Sara oor ‘n jaar ‘n seun sou hê, en die seun is natuurlik Isak. Wat is die punt? Die punt is: ons moet verstaan dat daar twee betekenisse is as ons praat van die

nageslag van Abram: Aan die een kant kan dit verwys na al die fisiese afstammeling van Abram – dit sluit Isak in, maar ook Ismael, dit sluit ook sy kinders by Ketura in, met wie hy getroud is na Sara se dood. Dit sluit ook die afstammelinge van sy kinders in – in hulle geslagte. Maar, daar is 'n tweede betekenis van die uitdrukking: "nageslag van Abram" – dit is die ware nageslag van Abram, die ware Israel, dit is die nageslag deur Isak, wat die kind van die belofte is, en daarom is hulle die kinders van die belofte, hulle is ook die kinders van God. Ismael was dus deel van die fisiese nageslag van Abram, maar hy was nie deel van die ware nageslag van Abram nie. Isak, daarenteen, was deel van beide die fisiese nageslag van Abram, asook van die ware nageslag van Abram. Hy was die kind van die belofte. Daardie deel van die nageslag van Abram wat deur Isak verteenwoordig word, hulle kan geregtigheid en vrede verwag. Daarteenoor, die deel van Abram se nageslag wat deur Ismael verteenwoordig word, kan onreg en onvrede verwag. Daar is dus fisiese afstammelinge van Abram wat deel is van die ware nageslag van Abram, soos Isak, maar daar is ook fisiese afstammelinge van Abram wat nie deel is van die ware nageslag van Abram nie, soos Ismael.

Dit skep natuurlik 'n volgende vraag: Hoekom is Isak deel van die ware nageslag van Abram, maar Ismael nie? Is dit toe te skryf aan die feit dat Isak die kind was van Abraham en Sara, en wat dus binne die grense van die huwelik verwek is soos wat die wil van die Here is? Is dit toe te skryf aan die feit dat Ismael die kind was van Abram en Hagar, en wat dus buite die grense van die huwelik verwek is teen die wil van die Here? Die antwoord hierop is: Nee. En daar is twee redes hoekom ons so moet sê:

- In Gen 29 en 30 lees ons van Jakob se 12 seuns. Hulle het elkeen hoof geword van een van die twaalf stamme van Israel. Jakob was hulle almal se pa, maar hulle het verskillende ma's gehad. Nie net het Jakob twee vrouens gehad nie – Lea en Ragel, maar boonop is verskeie van die kinders verwek by die slavinne van Lea en Ragel, naamlik Silpa en Bilha – soortgelyk aan Ismael wat verwek is deur Abram by Sarai se slavin, Hagar. En tog was die 12 seuns hoofde van die 12 stamme in Israel.
- Lees Rom 9:10-13. Hier is nog 'n voorbeeld om oor te dink – die voorbeeld van Isak en Rebekka. Ons weet hulle het 'n tweeling gehad – Jakob en Esau. Jakob en Esau het dieselfde pa en dieselfde ma gehad – trouens hulle is uit een en dieselfde swangerskap gebore. En tog sê vers 13: "Jakob het Ek liefgehad, maar van Esau het Ek 'n afkeer gehad."

Die rede hoekom Isak deel was van die ware nageslag van Abram, en Ismael nie, kan dus nie ten diepste toegeskryf word aan die feit dat Sara Isak se ma was, terwyl Hagar Ismael se ma was nie. Wat is dan die rede? Lees weer Rom 9:12: "Dit het gebeur, sodat God se voorneme volgens Sy uitverkiesing sou bly staan, nie op grond van mense se dade nie, maar op grond van Hom wat roep". Lees ook Rom 9:14-16. Ten diepste is die rede: God het Isak uitverkies, en Ismael nie. God het Hom oor Isak ontferm, maar nie oor Ismael nie. God was barmhartig teenoor Isak, maar nie teenoor Ismael nie. Hoekom het God so besluit? Want dit was so Sy voorneme. Hoekom was dit Sy voorneme? Ons weet nie. Ons weet dit is nie gebaseer op enigiets wat die mens sou doen nie – hetsy goed of kwaad. Maar meer as dit weet ons nie.

Die belangrike punt om raak te sien, is dat fisiese afstamming nie die belangrike eienskap is waarvolgens ons kan bepaal of iemand werklik deel is van die kinders van God nie. Ons het dit al vantevore gesien – dink maar aan Kain en Abel – hulle was beide fisiese afstammelinge van Adam en Eva, maar Kain was deel van die nageslag van die slang, soos Ismael, terwyl Abel deel was van die nageslag van die vrou, soos Isak. Ons sien dit ook as die grootste gedeelte van die eerste geslag van die volk wat verlos is uit Egipte, in die woestyn omkom, en nooit die beloofde land bereik nie. Hulle was deel van die fisiese volk Israel, maar hulle was nie deel van die ware Israel nie. En dieselfde

beginsel geld steeds: Al is jy die fisiese afstammeling van gelowige ouers, beteken dit nie jy is noodwendig deel van die ware nageslag van Abram nie – die vraag is of jy glo, soos Abram, of nie.

Daar is nou nog ‘n aspek wat ek kortliks wil aanraak: As dit waar is, dat fisiese afstamming nie werklik saak maak nie, hoekom is daar soveel klem op fisiese afstamming, veral in die Ou Testament? Dink maar net aan die geslagsregisters waaraan ons soveel tyd spandeer het: Gen 5 se geslagsregister van Adam tot by Noag, Gen 11 se geslagsregister vanaf Sem tot by Abram. Laasweek het ons gesien Eliëser sal nie Abram se erfgenaam wees nie – nee, dit moet een wees wat uit sy liggaam sou voortkom, dus ‘n fisiese afstammeling. Dink maar aan die geskiedenis van hier af verder: Isak is Abraham se seun, Jakob is Isak se seun, Jakob se seuns word die twaalf stamhoofde. Uit hierdie stamhoofde kry juis Juda ‘n prominente rol. Dawid volg juis uit die nageslag van Juda. Die konings van Juda is almal afstammelinge van Dawid. Daardie geslagsregister in Mat 1 beskryf vir ons die afstamming vanaf Abraham tot by Christus. Die geslagsregister in Luk 3 beskryf vir ons die afstamming vanaf God deur Adam tot by Josef. Daar is al hierdie klem wat geplaas word op fisiese afstamming – en tog sê ons nou dat fisiese afstamming geen waarborg is of iemand deel is van die ware nageslag van Abram, oftewel deel is van die kinders van God nie, oftewel deel is van die nageslag van die vrou nie. Mis ons nie dalk iets nie?

Daar is natuurlik ‘n ander belofte wat hand aan hand loop met die belofte aan Abram van ‘n groot nageslag. Dit is die belofte in Gen 3:15. Daar het ons gelees dat die mensdom in twee groepe verdeel is: die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel. En soos ons nou gesien het, is fisiese afstamming net nie effektief om vas te stel of ‘n persoon deel is van die nageslag van die vrou of deel is van die nageslag van die slang nie. Maar, let op, daar is nog ‘n belofte in Gen 3:15. Daar is hoop vir die nageslag van die vrou – want daar is hoop op Een uit die nageslag van die vrou, wat gaan kom om die kop van die slang te vermorsel! Sy afstamming is krities belangrik: Hy moet uit die nageslag van die vrou wees – want Hy moet vir haar nageslag geregtigheid bewerk en Hy moet die slang vermorsel. Vanaf Gen 3 tot aan die begin van die Nuwe Testament, openbaar die Here Sy verlossingsplan waardeur Hy die ware nageslag van Abram gaan red – hulle gaan geregtigheid en vrede ontvang deur die werk van hierdie Een uit die nageslag van die vrou. Deur die loop van die Ou Testament, deur die loop van baie geslagte, wys die Here vir ons al meer en meer van wat die werk van hierdie Een sal behels – dele word duidelik uit die Here se handelinge met Noag, met Abram, met die volk Israel, met Dawid, met Juda se konings, met die ballingskap – en dan uiteindelik die volle realisering met die geboorte van Jesus – juis as afstammeling van die geslag wat by al daardie openbarings in die geskiedenis verbygegaan het. Al daardie gebeure deur die geslagte het na Hom verwys, was ‘n beskrywing van Sy werk. Daarom is Hy werklik die Een wat beloof is in Gen 3:15. Ja, daar was langs die pad baie mense wat deel was van die fisiese nageslag van Abram, maar wat ook deel was van die ware nageslag van Abram – soos Isak, Jakob en Dawid. Maar daar was ook mense wat deel van Abram se fisiese nageslag was, maar wat nie deel van sy ware nageslag was nie – soos Ismael en Esau. En daar was ook mense wat nie deel was van Abram se fisiese nageslag nie, maar wat wel deel was van sy ware nageslag – soos Ragab en Rut. Maar Jesus is uit die fisiese nageslag van die vrou en uit die fisiese nageslag van Abram – trouens: Hy is die fisiese erfgenaam van Abram – nie Eliëser of een soos hy nie. Hy is die enigste Een deur wie dit moontlik is om deel te word van die ware nageslag van Abram, ongeag of jy deel is van Abram se fisiese nageslag of nie. Al die klem op afstamming in die Ou Testament is daar sodat ons seker kan weet: Hy is die Een wat beloof is. En jy moet in Hom glo om deel te kan wees van die ware nageslag van Abram, om deel te kan wees van die kinders van God.

Die verstommende is dat daar in die Nuwe Testament waarskynlik meer mense in die ware nageslag van Abram is wat nie deel is van sy fisiese nageslag nie, as wat wel deel is van sy fisiese nageslag.

Maar hulle is almal daar deur die werk van die Een wat sou kom en wel uit die fisiese nageslag van Abram is.

Die vraag is: Glo jy in Hom? Dit is die enigste manier om deel te word van die ware nageslag van Abraham.